# TOESPRAAK VAN MNR. J. H. VISSE,

L.V. en oud-Burgemeester, by die opening van die Van Riebeeckreservaat op die 18de November 1952

Dames en here,

Graag wil ek u almal hier verwelkom en van hierdie geleentheid gebruik maak om die Genootskap Oud-Pretoria te bedank vir hulle uitnodiging om die onthulling van hierdie naamplaat waar te neem. Ek moet egter sê dat ek bietjie verras was toe ek verneem het dat daar 'n formele onthulling van die naamplate sou wees. Vir die Munisipaliteit is die aanbring van naamplate 'n alledaagse roetinesaak ofskoon ek geredelik erken dat die twee plate van vandag iets buitengewoon is en om daardie rede, soos dit in baie uitsonderlike gevalle in die verlede al gedoen is, so 'n klein funksie regverdig.

Die gedagte om natuurreservate dwarsdeur die land na Jan van Riebeeck te vernoem, is deur die sentrale komitee wat die groot fees in Kaapstad gereël het, geruime tyd voor die derde eeufees in 'n omsendbrief aan alle plaaslike owerhede in die Unie aan die hand gedoen. Die betrokke komitee van die Stadsraad het op hierdie wenk gereageer en daar is by die Raad aanbeveel dat die stad se grootste en belangrikste natuurreservaat na die volkstigter vernoem word.

Heeltemal persoonlik gesproke, is dit vir my egter 'n bietjie onlogies dat so 'n besluit geneem is. Per slot van sake is daar geen direkte verband tussen Van Riebeeck en Pretoria nie, nog minder tussen hom en hierdie reservaat. Ons weet natuurlik dat hy hom vir die behoud van die flora beywer het, maar of dieselfde ook geld vir fauna, weet ek nie.

Dit egter daar gelaat. In een opsig stem ek saam met hierdie huldeblyk aan Van Riebeeck. Dit was Goethe wat gesê het dat ons grootste aanwins uit die geskiedenis is die entoesiasme wat dit in ons opwek. Hierdie naamverandering is 'n bewys van die entoesiasme wat daardie feestelikheid in ons gaande gemaak het en as sulks is dit 'n goeie teken.

Dit is miskien ook paslik dat ek met hierdie geleentheid net weer kortliks u herinner aan die rol wat die Stadsraad in die plaaslike feestelikhede gespeel het. U sal onthou dat die Stadsraad se beleid destyds was dat ons eie feesvierings geen afbreuk aan die volksfees in Kaapstad moes doen nie. Desondanks het die Stadsraad tog weer sy man gestaan, soos hy dit nog altyd gedoen het wanneer daar so 'n groot taak verrig moes word. Inderdaad was die Stadsraad se bydrae sover dit geld en dienste betref, baie groter as die van enige ander liggaam, ofskoon dit eintlik 'n provinsiale fees was en nie 'n stedelike gebeurtenis nie.

Hierdie houding is maar een van talle voorbeelde wat duidelik bewys dat die Stadsraad ten volle besef dat die mens nie van brood alleen kan leef nie. In die lewe van 'n stad, nes in die van 'n enkeling of 'n gesin, moet daar soms ook feeste en pieknieke wees. Wanneer tye swaar is, soos tans die geval is, sal die verstandige mens dan ook op een of ander

wyse probeer om vir sulke feestelike geleenthede voorsiening te maak. Daarom is die kritiek wat soms geopper word dat die Stadsraad geld op geleenthede soos die Van Riebeeckfees kan bestee terwyl daar geen fondse is om met strate en rioleringskemas aan te gaan, nie in Pretoria geregverdig nie. Hier het die Stadsraad nog altyd gepoog om 'n eweredige balans tussen die menigvuldige belange van die stadsbewoners te hou.

En nou, dames en here, is dit vir my 'n voorreg om hierdie naamplaat te onthul.

---

# Saluutskote oor Pretoria

In die Staats-almanak van 1896 lees ons dat die volgende saluutskote gedurende die jaar afgevuur moes word:

20 Jan.: Verjaardag van Z.Ed. Gestr. den Commandant-Generaal. — 18 schoten.
27 Jan.: Verjaardag van Z.M. Keizer van Duitschland Koning van Pruisen. — 21 schoten.
27 Febr.: Slag van Amajuba. — 21 schoten.
9 April: Verjaardag van Z.M. Koning van België. — 21 schoten.
4 Mei: Opening van de Zitting van de E.A. Volksraden. — 21 schoten.
24 Mei: Verjaardag van H.M. Koningin van Engeland: 21 schoten.
4 Juli: Onafhankelijkheid van Noord Amerika. — 21 schoten.
14 Juli: Inneming van de Bastille te Parijs, Frankrijk. — 21 schoten
2 Augustus: Verjaardag van H.M. Koningin Regentes der Nederlanden. — 21 schoten.
31 Augustus: Verjaardag van H.M. Koningin der Nederlanden. — 21 schoten.
28 September: Verjaardag van Z.M. Koning van Portugal. — 21 schoten.
28 September: Verjaardag van Z.H. Ed. Staats-president van den Oranje Vrijstaat — 21 schoten.
10 Oct.: Verjaardag van Z.H. Ed. S. J. P. Kruger, Staatspresident van de Z.A. Republiek — 21 schoten.
16 Dec.: Dingaansdag. — 21 schoten.
En bij het sluiten der Zitting van de E.A. Volksraden. — 21 schoten.

Dit moes sekerlik kleurvol daaruitgesien het wanneer die artilleriste aantree, 'n bevel gegee word en die kanonskote oor ou Pretoria gebulder het. Daardie dae is verby, maar ons is seker daar is nog van ons ou mense wat dit onthou. Die redaksie sal u herinneringe i.v.m. hierdie seremonies graag aanteken en publiseer sodat dit uit die verlede ontruk kan word.